


Die Huisgenootskild, waarvoor skoolkore met Afrikaanse sangstukke met die Kaapse Eisteddfod meeding. 'n Soortgelyke skild deur DIE HUISGENOOT aan die Johannesburgse Kultuurvereniging aangebied.

# MUSIEK.

*Deur Joh. Luijt.*

## DIE KLOKKESPEL IN DIE STADHUISTORING, KAAPSTAD.


### ANTON BREES, DIE BEIAARDIER.

KORT na die vrede van die Wêreldoorlog gesluit is, het mevr. W. Thorne op die denkbeeld gekom om 'n Oorlogsgedenkteken op te rig wat die vorm sou aanneem van 'n klokkespel. 'n Intekenlys het oopgestel geword waaraan al die ingesetenes kon deelneem, daar die verlangde bydrae slegs 'n sjieling was. Kort daarna het die berig gekom dat mevr. Thorne daarin geslaag het om 'n som bymekaar te kry wat haar in staat sou stel om ag belle te verkry. Baie persone het die pen in beweging gebring teen mevr. Thorne, omdat almal oortuig was dat met ag belle —'n oktaaf—geen musiek kon gemaak word nie. Die ontwerpster het geen van hierdie aanvalle beantwoord nie, dog van die belle het ons niks meer gehoor nie—tot opeens twee maande gelede die dagblaaie berig het dat 'n klokkespel van neën-en-dertig belle, vervaardig in België, in Kaapstad aangekom het met die doel om uitvoerings in die Toring van die Stadhuis te gee. Mevr. Thorne het in alle stilte deurgewerk om haar eenmaal opgevatte plan ten uitvoer te bring, en sy het daarvoor die medewerking verkry van verskillende welgestelde mense in die land. 'n Beroemde beiaardier van Antwerpe, mnr. Anton Brees, was uitgenooi om die klokkespel te kom inwy, wat sou geskied by geleentheid van die besoek van die Prins van Wallis, en verder, gedurende vyf weke, drie uitvoerings per week te gee. En nou is ons in die besit van 'n klokkespel met 'n omvang van drie oktawe, en hoor ons saans skone musiek uit die Toring van die Stadhuis. Aan mevr. Thorne kom alle eer toe vir die welslae van haar onderneming.


Gedurende die eerste weke van die spel was die mense baie teleurgestel. Hulle het verwag dat die musiek van die Toring oor die hele stad sou gehoor word waar 'n mens hom ook maar sou bevind. 'n Klokkespel kan geen wind en geen geraas verdra nie; en daarvan het ons juis omstreeks die tyd dat mnr. Brees met sy spel begin het, nogal las gehad—veral die inwyding het heeltemal verlore gegaan, daar die gejuig van duisende mense vir die Koninklike besoeker die klokkespel oorstem het. Toe het dae gevolg met 'n sterk suidoostewind; en dit skyn ewe ongunstig te wees as gejuig. Die laaste dae, egter, is die natuur baie stil, veral saans, en word aan die beiaard meer aandag geskenk. Maar nou kom ook die kritiek, wat vir niemand so welkom is as die beiaardier, Anton Brees, nie, en dit ook skitterend weet te weerlê. Mnr. Brees is sewen-en-twintig jaar oud, en het wat ons noem in die klokkespel opgegroei, daar sy vader bekend gestaan het as een van die beste beiaardiers in België. Verlede jaar was hy gedurende vier maande op Loughborough werksaam. Duisende mense het kom luister toe hy 'n uitvoering gee, en hy is algemeen beskou as 'n groot virtuoos.

Die klokkespel bestaan uit 'n aantal belle wat kromaties gestem is, en waarop twee- of meerstemmige musiek kan gespeel word soos wysies met begeleiding, sonates, fuga's, fantasieë en dergelike. Die kleinste aantal belle wat die naam van klokkespel kan bestempel, is vyf-en-twintig: twee kromatiese oktawe. Die aantal kan gebring word tot vyftig, en selfs meer. Die beiaard in Kaapstad besit neën-en-dertig belle, dog voorsiening is gemaak om die aantal uit te brei tot neën-en-veertig—vier kromatiese oktawe. Die beiaardier bespeel die belle op 'n klavier ongeveer gelykstaande met die manuale en pedale van 'n orrel; die toetse


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012



Die Loughboroughse Klokkespel in raam. Dit gee ons 'n denkbeeld hoe 'n beiaard daar uitsien.




Die Loughboroughse Beiaardtoring, spesiaal vir dié doel opgerig.



Die klok Cecil Rhodes, die grootste van die Kaapstadse beiaard. Dit weeg dertig sentenaar. Dis deur die bekende firma Taylor, Loughborough, Engeland, gegiet.

van die manuaal is van hout gemaak, rond van vorm en driekwartduim in deursnit; daar is twee rye: die boonste is vier en 'n half duim bo die onderste ry; die boonste verteenwoordig die swart toetse van die orrel of piano, en is drie en driekwartduim lank, terwyl die lae ry die wit toetse verteenwoordig, en ses en 'n half duim lank is. Die toetse van die pedaal is eweneens van hout, plat van vorm en so geplaas dat die klokkespeler hul maklik met sy voete kan bewerk; hulle lyk soos die pedale van die orrel; die omvang is anderhalf oktaaf. Die toetse van die klavier is aan die klepels van die belle bevestig op 'n manier gelyk aan die meganiek van die orrel. Die belle van die klokkespel hang in 'n houtomlysting op verskillende hoogtes; die grootste belle is onderaan en die kleinste bo. Bo die klavier is 'n dik houtvloer aangebring om te vermy dat die lae belle, wat onmiddellik bo hierdie vloer hang, die klein belle sal oorstem en onhoorbaar maak vir die beiaardier. Op die Vasteland van Europa is klokkespel baie populêr (vernaamlik in België en Holland.) Die uitgebreide kromatiese omvang van die belle het plaasgevind teen die end van die sestiende eeu, en was die werk van die belgieters in België en Holland.

Hoe hoër en wyer die toring, des te beter is die musikale effek van die klokkespel. Die toring van die Stadhuis in Kaapstad is te laag en te nou; die geluid van die belle kan nie tot harmonisasie in die toring kom nie, en soek nou 'n uitweg, met die gevolg dat aan die kant van die lae belle 'n mens dit die meeste hoor, en die kant van die hoë 'n mens allen die melodie hoor. As 'n mens te naby die Stadhuis staan, hoor hy te veel die natuurlike meetrillende bo-tone, wat mineur 3de is. By die laagste bel hoor 'n mens dit die sterkste, en oorstem 'n majeur akkoord, sodat die harmonieë vals klink. Soos gesê, hoor 'n mens dit maar



Mnr. Anton Brees, die Beiaardier.

sleg as hy dig by die Stadhuis staan: hoe verder weg, hoe beter. By stil weer en in 'n stil omgewing hoor 'n mens die klokkespel oor die hele stad, dog die beste is as 'n mens op 'n hooggeleë plek kan staan, b.v. Tamboerskloof, Dewaalsmoterweg, of die Esplanade. Die klokke is gestem vóór hulle opgehang word; die toonhoogte kan nooit verander nie; vir ontstemming is dus geen gevaar nie.

Die kontrak van mnr. Anton Brees met die Stadsraad is slegs vir vyf weke, en loop spoedig ten einde. In hom bemerk ons nie alleen 'n kundige klokkespeler nie, maar ook 'n uitstekende musikus, want kennis van klokkespel alleen is nie voldoende nie. Mnr. Brees arrangeer al die musiek, en al spelende improwiseer hy sy basse. Daar bestaan nog maar min oorspronklike musiek. Sy *répertoire* is baie uitgebrei, en ons het al baie bekende wysies gehoor. Sonates en fuga's kan hier voorlopig nog nie gespeel word nie, daar hulle minstens 'n omvang van vier oktawe verlang.

Die bespeel van die belle is baie swaar en vereis 'n ongelooflike krag. Die toetse word met die vuis aangeslaan. Die toon kan nie deursing nie; iedere noot van lang tydduur word as 'n tremolo gespeel. Dis baie interessant om mnr. Brees aan die werk te sien. Sy tegniek en sekerheid het so 'n hoogte bereik dat hy hom heeltemal kan oorgee aan musikale voordrag en klankskakerings.

Dis die wens van die Stadsraad dat Anton Brees twee persone vir die spel sal voorberei. Hoewel dit, selfs vir die mees begaafde, 'n geruime tyd sal neem alvorens hy 'n *répertoire* kan hê vir weeklikse uitvoerings, is die moontlikheid dat ons mettertyd 'n Afrikaanse beiaardier sal besit, nie uitgesluit nie, en dan sal die tyd nie ver meer af wees nie dat ons ook Afrikaanse wysies van die toring sal hoor.

NANNUCCI VIR SKOONMAAK EN KLEUR
WERKPLAAS: WOODSTOCK. FONE 379 en 380 WOODSTOCK.

Kleur en Skoonmaak is 'n BESPARING nie 'n ONKOSTE. Stuur maar enige artiekel soos Huisbehangsels, Dames- en Kinderklere of Mansklere wat vuil geword het of deur blootstelling verskiet het. Nannucci se Proses van skoonmaak en kleur verseker bevredigende resultate hoe moeilik die werk ook. Die koste is maar 'n skyntjie van die oorspronklike uitgawe.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012